

## Huwelike tot God se eer (I Pet 3:1-7)

### Gebed

O God, U het ons uitgekies as bruid vir U Seun, die bruidegom. Wat 'n ongelooflike voorreg wat ons verdien dit nie. As ons dan nou in U Woord gaan lees oor die moeilike situasies in die huwelik, lei ons om te sien wat U vir ons hier wil leer. Weerhou ons daarvan om met ons eie vooropgestelde idees te luister en laat die Gees ons lei om net te fokus wat in hierdie teks staan en wat U vir elkeen wat luister wil leer in hulle omstandighede. Amen.

### Skrifoordenking

#### **1. Gedra julle goed...vir die heidene tot eer van God**

11 *Geliefdes, ek dring daarop aan dat julle, as bywoners en vreemdelinge, julle weerhou van liggaamlike begeertes wat stryd voer teen die siel.*

12 *Gedra julle goed onder die heidene, sodat hulle, wanneer hulle julle beswadder asof julle misdadigers is, God op die dag van besoeking kan verheerlik omdat hulle julle goeie dade gesien het. (I Pet 2:11-12, 2020)*

Twee dae gelede het Petrus ons die opdrag gegee: Wees heilig, want God is heilig. Die doel van die heilige lewe, het ons gister in verse 11-12 behandel:

*Geliefdes, ... moet hulle weerhou van liggaamlike begeertes en goed gedra sodat hulle, (die ongelowiges) God kan verheerlik.*

Hulle verander van mense wat *beswadder* na mense wat *God verheerlik* want daar was 'n dag van besoeking – hulle is wedergebore. Daardie werk van God kom deur *die sien* van die gelowoige se *goeie dade*.

Ons leef dus as vreemdelinge wat aan God die eer toebring in 'n vyandige wêreld.

Daarna het hy in verse 13 tot 25 vir ons voorbeelde gegee hoe so heilige, God vererende lewe lyk. Dis 'n lewe van onderdanigheid wat mense na God toe lei. Ons het gesien ons moet onderdanig wees aan die owerheid en huisbediendes (diensknegte) moet onderdanig wees aan hulle eienaars. Petrus gaan nou verder en pas dit toe op die huwelik.

#### **2. Netso... moet ongelowige mans deur hul vroue gewen word**

1 *Net so, vroue, moet julle aan julle eie mans onderdanig wees, sodat, selfs indien sommige aan die woord ongehoorsaam is, ook hulle*

*sonder 'n woord  
gewen kan word  
deur die manier waarop julle leef*  
**2 omdat hulle julle rein, eerbiedige leefwyse raaksien. (1 Pet 3:1-2, 2020)**

Petrus begin hierdie gedeelte met “Net so”. Die paragraaf kom baie nou ooreen met dit wat ons nou weer in hoofstuk 2:11-12 hersien het. In die eerste deel van vers 1 sien ons iets word gedoen sodat, ook hulle **gewen kan word**. Net soos vers 12 vir ons gewys het hoe goeie daad uitgeloop het op die dag van besoeking, netso word iemand hier **gewen** deur goeie daad.

Ons sien dan dat hulle verwys na **eie mans**. Dan staan daar dat: **sommige aan die woord ongehoorsaam is**. As Petrus praat van mense wat ongehoorsaam is aan die Woord bedoel hy ongelowiges. Kyk maar na 1 Pet 4:17: *Dit is immers tyd dat die oordeel begin, en wel by die huishouding van God. As dit by ons begin, wat sal dan die uiteinde wees van hulle wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? (1 Pet 4:17, 2020)*

Ons het dus hier te doen met ‘n ongelowige man. Petrus praat hier met die vroue, wat nie net vreemdelinge in hierdie wêreld is nie, maar ook in hulle eie huise. En net soos die ander voorbeelde vra hy die vroue om onderdanig te wees aan hulle mans. En die rede dan dat hulle **gewen kan word**.

Hoe? Sonder ‘n woord. Met ander woorde nie deur die ongelowige man met ‘n gepraat te wen nie, maar deur die manier hoe sy leef. Die man kom dan tot inkeer omdat hy sien hoe sy leef. Net soos in gister se gedeelte by die huisbediendes, kan die eerbiedige lewe wys op eerbied aan die man, maar vers 11-12, gee die breër raamwerk van ontsag vir God. Die vrou lewe dus onderdanig aan die ongelowige man en gee so eer aan God. Juis dít, laat die man God se heerlijkheid sien en verander hom.

**3 Julle skoonheid moet nie op uiterlike dinge berus nie**  
— soos die vleg van hare, die dra van goue juwele  
of die aantrek van elegante klere nie;

**4 maar op dit wat in die mens se hart verborge is**  
— die onverganklike skoonheid van ‘n saggearde en rustige gees,  
wat in God se oë baie kosbaar is.

Petrus wys die vroue dat, innerlike skoonheid en nie uiterlike skoonheid nie, kosbaar is in God se oë. Die innerlike saggearde en rustige gees is onverganklik. Dit het ewigheidswaarde.

Hoekom sou Petrus nou hier oorslaan nie hare, juwele en klere? In die konteks wat hier beskryf word is die vrou se rol in hierdie huwelik met ‘n ongelowige man om hom vir Christus te wen. Petrus weet klere en juwele gaan dit nie doen nie. Innerlike skoonheid gaan dit doen. Dit is ook hoekom dit vir God so kosbaar is.

Ai, hoeveel vroue probeer vandag goedkeuring by hulle mans met uiterlike skoonheid en prag wen. As jy tog maar net jou hoop op God wil plaas, in plaas van op jou man...

5 So het ook die *heilige vroue*  
wat op *God gehoop* het,  
hulleself immers destyds *versier*  
deur aan hulle *eie mans onderdanig* te wees  
— 6 soos *Sara* aan Abraham *gehoorsaam* was  
toe sy hom as “heer” aangespreek het.  
*Julle* het *haar dogters* geword  
as julle *doen wat goed is*  
en julle *nie* deur enige dreigement *laat afskrik nie*. (1 Pet 3:3-6, 2020)

Petrus moedig die vroue aan om die voorbeeld te volg van die voorvaders se vroue en so hulle dogters te word. Hulle word as heilig beskryf en vroue wat hulle hoop op God plaas wat onderdanig aan hulle mans was en hulle so versier het.

Petrus gee vir ons ‘n voorbeeld van Sara hier, want hy wil ons meer leer wat onderdanigheid beteken. Nou ja, in ons kultuur sal dit nogal vreemd wees as my vrou my aanspreek as heer... Maar kom ons kyk wat ons leer as ons gaan soek waar in die Bybel het Petrus die voorbeeld gekry.

Ek kon nog nie ‘n kopie van Genesis in die nuwe direkte vertaling kry nie. ‘n Mens kry ook nie die voorbeeld in die 1983 vertaling nie, maar in die direkte vertaling van 1953 kry mens die enigste voorbeeld waar Sara haar man, “My heer” noem:

*12En Sara het by haarself gelag en gedink: Sal ek wellus hê nadat ek oud geword het en my heer oud is? (Gen 18:12)*

Sy spreek nie vir Abraham direk hier aan nie. Sy praat met haarself waar hy nie eers hoor nie. Dit wys vir ons dat sy met respek aan hom dink. En jy, hoe praat jy van jou man as hy nie hoor nie? Dit is hoekom die 1983 vertaling wat parafraseer, of vertaal om die betekenis te laat blyk, dit vertaal met: *En dit met my man wat oud is? (Gen 18:12)*

As Petrus die boodskap wou deurbring van slaafse onderdanigheid, selfs as jou man baie slegte goed van jou vereis, was daar mos ‘n baie beter voorbeeld. Toe Abraham en Sara in Egipte is, en Abraham sien hoe mooi sy vrou uiterlik is, besef hy hy gaan dalk vir haar doodgemaak word. Hy vra dus sy vrou dat sy moet sê sy is sy suster. Sy weet dit gaan maak dat sy deel word van die koning se harem, maar sy doen dit. Sjoe, dit is onderdanigheid! Maar Petrus gebruik nie daardie voorbeeld nie. Hy wys eerder op die gesindheid van die vrou as die gesag van die man...

Die gedeelte eindig met: *Julle* het *haar dogters* geword  
as julle *doen wat goed is*  
en julle *nie* deur enige dreigement *laat afskrik nie*.

Hier word dus gepraat van ‘n gelowige vrou wat se liefde oorvloeit in goeie daede, maar wat haar nie laat afskrik nie. Die teks teken nie die prentjie van ‘n swak hulpelose vrou wat net ja en amen sê vir alles wat haar man sê nie. Sy is sterk en laat haar nie afskrik nie, al word sy gedreig.

Dis belangrik om te sien wat hierdie teks sê wat onderdanigheid nie is nie:

- Dis nie 'n vrou wat met alles saamstem nie – veral in sake van geloof, want in hierdie teks glo sy en die man nie.
- Dis nie 'n vrou wat nie selfstandig vir haarself dink nie. In hierdie teks is die vrou duidelik anders denkend as die man.
- Dis nie 'n vrou wat opgee om haar man vir Christus te probeer wen nie
- Dis nie 'n vrou wat haar man se wil, voor Christus se wil plaas nie
- Dis nie 'n vrou wat haar geestelike krag van haar man af kry nie. Dit staan daar Sy hoop op God
- Dis nie 'n vrou wat uit vrees optree nie – sy word nie deur dreigement afgeskrik nie

Nee, dis 'n vrou wat gehoorsaam is aan haar opdrag om haar man vir Christus te wen tot eer van God.

### **3. Mans, julle moet julle vroue met respek behandle om te kan bid**

7 Net so, mans, moet julle in julle lewe saam met julle vroue

*begrip toon vir hulle as die swakker geslag*

*en hulle*

*as mede-erfgename van die gawe van die lewe*

*met respek behandel,*

*sodat julle gebede deur niks belemmer word nie. (1 Pet 3:7, 2020)*

Vir die mans begin hy presies dieselfde: “Net so”. Dieselfde onderliggende beginsel van verse 11-12 geld vir almal. Ook vir mans. Dis hoekom net die volgende vers ook begin met Wees **almal** eensgesind... nederig. So, hier staan: Mans julle moet julle vroue met respek behandel.

As Petrus hier praat van “ swakker geslag”, spreek hy die manne hier aan, hy probeer nie die vrou verkleineer nie. Hy sê vir jou as man: Toon begrip dat die vrou anders gemaak is... Man, jy is gemaak om haar te beskerm. Die ouer vertalings verwys na verstandig saamlewe. Begrip en verstandig lewe kom van leer. Jy moet jou vrou leer ken. Jy moet eie sonde leer ken. Jy moet die Woord leer ken. Hoe kan jy die geestelike leier wees as jy nie die Woord ken nie?

Die huwelik is die beeld van Christus en die kerk. Die vrou se onderdanigheid, soos hierbo beskryf, is 'n Bybelse beginsel, maar omgekeerd het die Bruidegom sy dissipels se voete gewas en vir hulle gesterf. Man, sy is 'n mede erfgenaam. Sy is 'n hemelse koningin. Behandel haar met respek! Die 1983 vertaling vertaal dit met eer betoon. Galasiërs 3 is baie direk van toepassing op hierdie gedeeltes wat ons gister en vandag gedoen het:

26 Want deur die *geloof* is julle *almal kinders van God in Christus Jesus*, 27 want julle wat in Christus gedoop is, het *Christus soos 'n kleed aangetrek*. 28 Daar is nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer manlik en vroulik nie, want *julle almal is één in Christus Jesus!* 29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en ooreenkomstig die belofte, *erfgename*. (Gal 3:26-29, 2020)

Daardie mooi innerlike kleed van die vrou is Jesus Christus self. Almal is een in Hom! Net soos die man nageslag van Abraham en daarom kind van God is, is die vrou nageslag van Sara en kind van God.

Petrus sluit dan af met 'n rede:

sodat julle gebede deur niks belemmer word nie.

Hierdie sin sou sekerlik een van die volgende kon beteken:

As jy as man se verhouding met jou vrou sleg is, kry jy nie gebid nie.

Of as julle verhouding nie goed is nie, kry julle nie saam gebid nie.

Ek dink tog egter, in die lig van die sambreel van vers 11-12, waaronder die gedeelte staan, is daar 'n moontlike ander verklaring. Vers 12 het uitgewys dat die goeie werke van die gelowige ander na God toe lei en dit alles dien tot eer van God.

Die Johannes evangelie gee ook lig op die voorwaarde vir die verhoring van gebede:

*13 En wat julle in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik mag word. (Joh 14:13, 2020)*

Die verhoring van gebede vind plaas om God te verheerlik. As jou optrede as man dus nie een van respek teenoor jou vrou is nie, is dit nie tot God se eer nie en word Hy nie deur jou huwelik verheerlik nie. Jou selfsugtige lewe en gebede is op jouself gefokus en nie op jou mede erfgenaam van die ewige lewe nie. Omgekeerd, is dit ook die beginpunt. Begin bid vir die dinge wat God verheerlik. Dit sal Hy verhoor en as dit jou verhouding met jou huweliksmaat insluit, sal jy ook met vreugde Petrus se opdragte hier kan uitleef.

## **Samevatting**

Die oorkoepelende opdrag in hoofstuk 2:11-12 was:

**Gedra julle goed...vir die heidene se bekering tot eer van God**

Die res van hoofstuk 2, wat ons gister behandel het, was dan voorbeelde vir alle mense, aan die owerheid en huisbediendes aan hulle werkgewers.

Vandag se tema was: **Huwelike tot God se eer:**

Oorhoofs was dit twee kernpunte:

1. Netso, vroue moet julle  
ongelowige mans

gewen word

2. Netso, mans, moet julle,  
julle vroue

met respek behandel

Binne in punt 1 het ons gesien:

**Vroue, wen hulle, sonder 'n woord deurdat hulle julle rein, eerbiedige lewe sien**

Daarvoor het hulle 'n ander soort skoonheid nodig: **'n Skoonheid wat vir God kosbaar is en moet hulle die Bybelse voorbeelde volg en daardeur heilige vroue se dogters word**

Waar punt 1 vroue ten opsigte van ongelowige mans aangespreek het, spreek punt twee mans aan ten opsigte van hulle geloqwife vroue: **Hulle is mede-erfgename van die gawe van die lewe.**

Hulle word gemaan dat **Hulle optrede en gebede moet God verheerlik**

#### ***4. Oordenking***

Vers 12 het uitgeloop op lof aan God vir die ongelowiges. Wat het jy vandag van God geleer wat maak dat jy Hom wil loof en prys. Skryf dit neer dat dit jou deur jou moeilike dag wat voorlê kan bemoedig.

#### ***5. Dankbaarheid***

Ons kan nie net passiewe luisteraars van God se Woord wees nie. Hierdie gedeelte het baie sterk klem gelê op goeie dade. Hoe het die Heilige Gees jou vandag vernuut en met vreugde gevul sodat dit tot dade van dankbaarheid en liefde in geloof gaan oorvloei in die verhoudings waarbinne jy staan? Dink mooi hieroor na en skryf ten minste een, baie spesefieke, voorneme neer waarin jou vreugde vandag gaan oorvloei.

As die antwoord nog nie in jou hart is nie, sluit dit in jou gebed in en lees weer hierdie teks gedeelte biddend deur (vandag nog!), want dit kan jou nie onveranderd laat nie!

#### ***6. Aanbidding***

Sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.